Vriende van Rietvlei

Onder beskerming van die
Wildlewevereniging

Posbus 905-489 Garsfontein 0042
Tel: 012 361 7322
E-pos rietvlei@mailbox.co.za

Nuusbrief Maart 2006

Volgende byeenkomste

Ons eerste oornagkamp vir 2006 gaan strek van 14 tot 16 April. Die plan is om Saterdag by die Fern Fountain opruimingswerk te doen. Dit gaan weer 'n heerlike naweek van kuier en werk wees. Dis nou "kuier" in die breedste sin van die woord! Op 20 Mei stap ons – dit gaan weer 'n fees van inligting en spyse wees. Dit mag nie misgeloop word nie. Daar moet vir albei die bogenoemde bespreek word omdat daar 'n perk op getalle is.

Skakel gerus vir Fred by 082 968 8539 of Louise by 012 361 7322 om plek te reserveer.

What has been happening?

We are extremely proud of our achievements in 2005. A second bird hide was officially opened at Coots Corner and a new hot-water system and wash basin were installed at the Jackals Den.

At our first AGM this year, the committee grew from Fred, Ben and Anthony to include Eugene (Admin) and Tinus (Technical Adviser).

The Honey Sucker's restoration during the first few months of 2006 was finalised for use by Rietvlei. Some attention was also given to maintenance on a lawn mower (thanks to Fred) and leaking roofs at Jackals Den (thanks to Tinus) and toilet maintenance at Fern Fountain (thanks to Ben). Currently we are gathering material from the Viking village for our next big project – a third bird hide close to the island.

Friends of Rietvlei

Under the auspices of the
Wildlife Society

PO Box 905-489 Garsfontein 0042
Tel: 012 361 7322
E-mail rietvlei@mailbox.co.za

Newsletter March 2006

Een van die hoogtepunte van 2006 tot dusver was die amptelike ingebruikneming van die konferensiesentrum by die ingang tot die Rietvleiwildreservaat.

Tinus Prinsloo van die Tshwane Metroraad het die sentrum amptelik geopen en Magda du Plooy het die lint gesny. Die fasiliteite sal uitsluitlik vir reservaataktiwiteite gebruik word deur die Vriende van Rietvlei en die Reservaatpersoneel.

Dr Naas Rautenbach followed the opening with an inspiring presentation on those small mammals we love to hate – rodents and bats. The audience were as quiet as mice and you could tell that each person ended up having a soft spot for those wiggly noses and stealthy winged creatures.

The day closed with a cheese and wine function at the newly built recreation area behind the Rietvlei Game Reserve's offices.

A special thanks to Fred, Riaan and Lourens for coordinating the run-up to a super day, to Anthony (cheese and wine) and Hettie (media) for their work and to Carol, Ben and the Friends team for rounding off.

Op 18 Februarie het die Vriende by die hengelarea opgedaag met groot verwagtinge. Die SOAP-kinders sou ons kom help het om die omgewing op te ruim. Wat 'n verrasing: die plek was silwerskoon en die kinders van SOAP kon dit nie maak nie. Ag nou ja! Daar is darem altyd ‘n positiewe nadraai: dit was 'n heerlike uitstappie en ons kon lekker smul aan die kinders se "chips" en koeldrank.

'n Maand later het die seniors van St Thomas Anglican Church in Linden, Johannesburg, onder leiding van David Stambles ons besoek. Dit was nou 'n gawe en vrolike groepie mense. En het hulle Fred se entoesiasme oor Rietvlei, sy mense en dinge geniet. Draaie is gemaak by die begin: 1994 en name soos Rodger Brown is genoem. Feite oor die diere en projekte is met smaak ingekleur. Dankie Fred en die Vriendespan. Sonder die bykans 700 lede sou al die aksies ook nie moontlik wees nie.

Wat gebeur agter die skerms?

Magda het 'n taak aangepak om 'n troppie sebras na te vors – veral 'n merrie wat dragtig was met 'n tweeling.

Cecil Labuschagne is besig met 'n visteelprojek om die swartkurper, vleikurper en geelvis aan te vul binne die Rietvleisisteem. Dit sal tot gevolg hê dat die verskeidenheid watervoëls wat op Rietvlei voorkom, sal uitbrei. Hengel as sport by die Rietvleidam sal ook bevoordeel word en die behoud van die skaars kleinskubgeelvis sal verseker word. Hierdie beskrywing van die visteelprojek is maar die spreekwoordelike oortjies van die seekoei – 'n groot maar ook 'n grootse projek.

Ons is onlangs meegedeel dat die jagluiperde se nekbandsendertjies vervang is.

Watervoëltellery was ook deel van 'n passievolle bewaringspan van Rietvlei se take.

Dit is verblydend dat daar na 'n ekobalans omgesien word deur spanne wat werklik omgee – 'n paar mense wat nie net by uitnemendheid bestuur nie, maar leiers is wat inisiatief neem.

Nuusbrokkies

Ben en Carol is 'n kleindogter ryker: Kelsey Jade. Baie geluk. Ons glo sy gaan 'n bondeltjie vreugde wees.

Lindsey Scott of the Pretoria Sailing Club was hospitalised earlier this year. The Friends of Rietvlei are glad to report that she is back home and we would like convey that she is in our thoughts.

Die afgelope drie maande het 6 566 dagbesoekers by Rietvlei die natuur kom geniet.

Die jaarlikse reënval is gemiddeld 724 mm. Net gedurende hierdie seisoen het ons alreeds 624 mm gemeet. Geen wonder die dam is 100% vol nie.

Gedurende Januarie was daar 41 nuwe elandaankomelinge getel. Daar is ook heelwat ander kalwers en vulletjies opgemerk.

So in die stilligheid was daar ook die laaste drie maande toegewyd gewerk aan interessante projekte soos diereluise, pom-pom-plante, gedragstudies op verskeie diere, bye en vleilandstudies.

Twee otters is nou die dag gesien by die brug waar die rivier by die dam inloop. 'n Waterlikewaan is ook 'n paar keer gewaar by die bruggie naby die ou opstal.

Heinings het aan die Witkoppieskant van die reservaat weggespoel. Die grondpad bokant die Maraisdam het ook met die baie reën in die slag gebly.

By die inloop na die dam is 'n kunsmatige eiland gebou vir voëls om op te rus, broei en vanwaar die gevleuldes kan jag.

Bokmakierie *Telophorus zeylonus*

I can still remember my dad listening to shortwave radio. One of the stations he listened to was Radio RSA with its distinct signature tune, *Vêr in die wêreld Kitty*, complimented by an occasional Bokmakierie duet. Not only can the

Bokmakierie be heard from afar, but it can also be seen far and wide on stamps. Quite a popular bird! Here at Rietvlei and in open habitats, including highveld koppies, karoo, fynbos and semi-desert scrub the bird is common.
What impresses me most is when it lands. The beautiful olive-green tail feathers tipped with bright yellow are spread wide to brake just before touchdown. A-ha! Terra firma is where they can enjoy lizards, snakes, other birds and even frogs. Watch out birdies! You are safer up there than on the ground where the Bokmakierie prefers to eat.

New Friends of Rietvlei

To each new member we bid a special welcome. Join in the activities and have fun. See you there!

Dankie

Ek raak sommer lieries as ek deur verslae lees en sien hoe mense 'n passie het vir die natuur, die omgewing en om diens te lewer. Dankie aan almal, maar veral vir leiers wat 'n omgewing skep waarbinne ons gemotiveerd kan wees – Fred, Riaan, …

Navrae/Enquiries

Fred: 012 361 7322
082 968 8539

Anthony: 072 179 9952
Ben: 012 651 3033

E-pos:
E-mail: rietvlei@mailbox.co.za